

# DIE ONTSTAAN EN VORMING VAN DIE VOLK ISRAEL

## HOOFSTUK 10: DIE UITTOG

### 1. Moses en Aäron se besoek aan die farao (Eks. 7-13:16)

Moses en Aäron het in Egipte teen die farao opgetree om die oppermajesteit van God oor die wêreld en sy inwoners te openbaar.

- Elke keer wanneer die towenaars hulle in hierdie stryd ingemeng het, is die stryd gevoer tussen God en die demoniese magte.
- Moses en Aäron het na die farao toe gegaan en gevra dat die volk Israel drie dagreise ver in die woestyn mag in trek.
  - Hulle wou daar aan hulle God offer. Die farao het egter geweier.
  - Sy antwoord was dat hy die Here nie ken nie en ook nie wil gehoorsaam nie.

Moses was tagtig en Aäron drie en tagtig toe hulle met die farao gaan praat het (Eks. 7:7).

Die farao het daarna besluit om die handarbeid van die Israeliete nog swaarder te maak.

- Strooi is nie langer aan hulle voorsien om bakstene mee te maak nie. Die Israeliete moes dit self gaan soek.
- Hulle moes nog dieselfde hoeveelheid stene maak.
- Die farao se opsigters het die Israeliete met gésels geslaan. Dit het hulle die volle omvang van hulle ellende laat besef. Terselfdertyd het dit hulle na verlossing laat verlang.
- Die verswaring van hulle laste het die volk verbitterd gemaak teen Moses en Aäron.
- Hulle het hulle nood by God gekla en God het aan hulle redding beloof.

**Moses en die volk moes ook leer om in die diepste nood op die woord van die Here alleen te vertrou.**

- Die Here sou van sy kant af die volk vrywillig en uit liefde verlos.
- Van die kant van die volk moes hulle dit met geloof aanvaar.
- Die Here het Moses versterk sodat hy weer saam met Aäron na die farao toe gegaan het.

### 2. God se werke word deur die satan nageboots . . .

Die Bybel vertel nie wanneer die farao se towenaars die tekens van melaatsheid wat die Here vir Moses gegee het, nageboots het nie.

- Die Bybel vertel wel dat die Here hulle die opdrag gegee het om die teken van die kiere wat 'n slang word uit te voer. Toe Aäron sy kiere op die grond voor die farao neergooi, het dit 'n slang geword.
- Die Egiptiese towenaars het dit ook gedoen, maar die Here het sy oppermag getoon toe die kiere van Aäron dié van die towenaars ingesluk het. Die farao het egter koppig gebly.
- Op bevel van God sou Moses die farao nou dwing om te gehoorsaam. Hy het daarna 'n reeks wonders gedoen wat die tien plae van Egipte genoem word.

### 3. Die tien plae

Hierdie tien plae het 'n groter wordende ellende oor Egipte veroorsaak.

- Tydens die **eerste plaag** moes Moses en Aäron met die farao na die Nylrivier gaan. Aäron moes sy kiere oor die rivier swaai. Dadelik het die **water in bloed verander**, sodat al die visse gevrek het

en daar nie drinkwater vir die Egiptenaars was nie.

- Maar toe die Egiptiese towenaars dit ook doen, het die farao nog meer volhard in sy weiering.
- Tydens die **tweede plaag** het daar **paddas** oor die hele land gekom.
  - Die towenaars het dit ook gedoen, maar hulle was nie in staat om die plaag te beëindig nie.
  - Die farao het Moses versoek om tot die Here te bid dat Hy die plaag beëindig.
  - Maar toe daar verligting kom, het die farao weer onversetlik geword.
- Daarop het die **derde plaag** gevolg. Die **stof het muggies geword** in die hele Egipte.
  - Die towenaars kon dit nie nadoen nie, en hulle moes erken dat dit die vinger van God was.
  - Die farao het egter koppig gebly.
- Daarna het die **vierde plaag** gekom. **Dik swerms steekvlieë** het in die huise van die Egiptenaars gekom.
  - Hierdie plaag het nie oor die Israeliete gekom nie.
  - Die farao was nou gewillig om die volk toe te laat om aan God te gaan offer, maar dan in Egipteland.
  - Dit kon Moses nie aanvaar nie.
- Toe het die **vyfde plaag** gekom, naamlik **pes onder die vee van die Egiptenaars**. Al die vee van die Egiptenaars het gevrek.
- Daarna moes Moses en Aäron roet uit 'n oond skep en dit voor die farao in die lug opgooi. Die **sesde plaag** het toe gekom in die vorm van **swere wat op die mense en die diere** uitgebreek het.
  - Die swere het aanhoudend geëtter.
  - Hierdie plaag het ook die towenaars aangetas.
  - Die vernedering was egter nie genoeg om voor die Here te buig nie.
- Die **sewende plaag** was **hael en weerligte** wat die Here gestuur het.
  - Dit was so erg dat al die plante deur die hael weggeslaan is.
  - Die farao het toe bely dat hy verkeerd gedoen het, maar hy het hom weer verhard toe die plaag verby was.
- Daarna het die Here die **agste plaag** gestuur. Dit was in die vorm van **sprinkane** wat alles opgevrete het wat na die verskriklike hael oorgebly het.
  - Die farao het weer bely dat hy verkeerd gedoen het en om voorbedding gevra.
  - Tot egte verootmoediging het hy egter nie gekom nie.
- Die **negende plaag** was 'n **groot donkerte** wat oor die hele Egipteland gekom het.
  - Dit het die farao laat toestemming gee dat Israel mag trek.
  - Maar hulle vee moes agterbly.
  - Moses het dit geweier.
  - Die farao het so geweldig kwaad geword dat hy hulle weggejaag het.
  - Hy het Moses ook met die dood gedreig.
- Daarna het die Here die **tiende plaag** beskik. **Al die eersgeborenes onder die Egipte-naars het gesterf**.
  - Tydens hierdie plaag het Moses niks gedoen nie. Die Here self het alles gedoen.
  - Hierdie verskriklike plaag het tot gevolg gehad dat die farao aan Moses toestemming gegee het

dat die volk mag trek.

#### **4. Die Here laat die Pasga instel**

Die instelling van die Pasga hou verband met die dood van die eersgeborenes. Die Pasga is die fees van die “verbygaan”.

- Die Here het Moses beveel dat elke huisgesin ’n lam moes slag.
- Hulle moes die bloed aan die sykante en die bokant van die deurkowsyne van hulle huise smeer.
- Die Here het by al sulke huise verbygegaan. Daar het nie oudste kinders in sulke huise doodgegaan nie.

So het bloed vir Israel die teken van bewaring geword.

- Die Pasga moes elke jaar deur die Israeliete gevier word ter gedagtenis aan wat in Egipte plaasgevind het. Almal wat nagelaat het om dit te doen, is selfs met die dood gestraf.
  - Die paaslam moes gebraai word sonder om ’n been te breek.
  - Dit moes geëet word met ongesuurde brood en bitter kruie, wat hulle laat dink het aan die bitter verdrukking in Egipte.
  - Hulle moes sewe dae lank ongesuurde brood eet.
    - Suurdeeg was ’n teken van bederf.
    - Omdat hulle rein moes lewe, mag hulle gedurende dié dae geen suurdeeg in die huis hê nie.
    - Hulle moes reg aangetrek wees vir die reis: hulle moes skoene aan hulle voete en ’n kiere in die hand hê om te wys dat hulle gereed was vir die reis.
- In die Nuwe Testament word verduidelik dat die bloed van die paaslam ’n teken was van die bloed van die Here Jesus Christus waardeur vir ons versoening en verlossing bewerk is.

Daardie selfde nag het die Here alle oudste kinders van die Egiptenaars doodgemaak. Die farao se hart was gebreek.

- Hy het Moses en Aäron aangesê om met hulle volk en hulle vee te trek.
- Die Israeliete het weggetrek – voorsien van baie geskenke, goue en silwer goed en klere.
- Hulle het ook die doodsbeendere van Josef met hulle saamgeneem. Toe Josef destyds gesterf het, het hy reeds geweet dat die volk weer eendag sou uittrek uit Egipte. Hy het hulle toe laat belowe dat hulle sy liggaam (wat gebalsem was) sou saamneem op die trek.

Die Here het voor hulle uitgetrek, bedags in ’n wolkkolom en snags in ’n vuurkolom.

#### **Die plae van Egipte**

- 1: Water in bloed
- 2: Paddas
- 3: Muggies
- 4: Steekvlieë
- 5: Pes onder die vee
- 6: Swere
- 7: Hael
- 8: Sprinkane
- 9: Drie dae donker
- 10: Dood van die eersgeborenes

#### **5. Die Here laat die Israeliete deur die Rooi See trek**

Die Here het die Israeliete daarna laat wegtek uit Egipte (dit is wat “eksodus” beteken). Hierdie geskiedenis is alles opgeskryf in Eksodus 13:17-18:27.

- Die Here het sy volk nie op die gewone pad (die kortste pad) na Kanaän toe laat trek nie. Hy het hulle in 'n suidelike rigting in die woestyn Sur ingelei.
- Dit het hulle in 'n geweldig moeilike posisie laat beland:
  - Vóór hulle was die Rietsee (Rooi See).
  - Rondom hulle was hoë berge.
  - Van agter het die farao met sy leërmag aangekom, want hy het weer koppig geraak en besluit om die Israëliete agterna te jaag.
- Die Here het dit so gedoen dat die volk van die begin af met sy almag kon kennismaak – sodat hulle kon leer om op sy almag te vertrou.
  - Die Israëliete het toe inderdaad benoud na die Here om hulp geroep.
  - Hulle het egter by Moses gekla omdat hy hulle laat wegtrek het uit Egipte. **Dit was die begin van 'n gekla en verwyte wat elke keer wanneer hulle in die moeilikheid was, voorgekom het** – totdat die Here al die klakouse in die woestyn laat sterf het toe Hy hulle veertig jaar lank laat rondtrek het.
- Moses se geloof was egter ongeskok. “Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg,” het Moses vir die Israëliete gesê.
- Die Here het Israel beveel om voort te trek, en aan Moses het Hy opdrag gegee om die water van die see oop te kloof.
- Die water is die hele nag deur 'n sterk oostewind weggedryf sodat die Israëliete kon deurgaan.
- Toe die farao sien dat die Israëliete deurtrek, het hy hulle agternagesit.
- Moses het egter toe die Israëliete deur was, weer sy hand uitgesteek, en die water het teruggevloei soos wat dit voor die tyd was.
- Daarmee het God die Egiptenaars in die see laat verdrink.
- **God het oor die farao getriomfeer. Israel is gered en hulle het daar 'n danklied tot eer van die Here gesing.**